

PRO VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA
Jaargang II; Nr. 12. Intekengeld R2 Subscription

By die Houtposkantoor as Nuusblad geregistreer.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA
April 15 April 1964 Volume II; No. 12.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

INHOUD/CONTENTS:

Dietrich Bonhoeffer and young Christians in Germany	1
Beoefening van geestelike gemeenskap	1
Veni Creator Spiritus	3
Die Volkskongres	3
Great Need for clear thinking	4
Drawing near to the 'Quick' of S.A.	5
Suid-Rhodesië op die tweesprong	6
Boekbespreking	7
Die boodskap van Toronto aan die kerk	8
Christian Responsibility	8

Dietrich Bonhoeffer and young Christians in

— PART I —

WE live in an age in which in all parts of the world Christians are becoming increasingly aware of the necessity to pray for each other by joining in the high priestly prayer of our Lord, ut omnes unum sint (John 17:21). We are determined not to be divided by political and ideological barriers of any kind. Thus the writer of these words and her friends are able to join our Christian brothers and sisters in South Africa in prayer — prayer which is informed and made concrete by reading the publications we receive from your country. I hope that this article will help you in South Africa to pray for us in East Germany.

Yes, it is from the heart of the Christian Church in Eastern Germany, the 'German Democratic Republic', that these words are written. But it must be noted that what I have to say is also applicable to the other part of our country, and that it is the same or similar trends of thoughts, which are occupying our minds on either side of the 'iron-curtain'.

Bonhoeffer — prophet and martyr

There is no shadow of doubt that no other theologian of the post-Barthian generation, both before and during World War II, has had the same kind of influence on the life and thought of the young Christians in the Evangelical Church of Germany as has Dietrich Bonhoeffer.

He was killed by the S.S. on the 9th April, 1945, in the concentration camp of Flossenbrück, but in both parts of our country he is very much alive in the discussions and thinking of young people. So to tell of Bonhoeffer's influence is to tell you something of our life and thought.

But Bonhoeffer does not merely belong to Germany and the German Evangelical Church. In the late twenties and thirties he had many official and personal relations with the Anglo-Saxon wing of the Ecumenical Movement. One thinks especially of his correspondence with the late Bishop of Chichester, Dr Bell, and their war time encounter in Sweden, which had a deep influence on the relations between the Church of England and the Ecumenical Movement, both for the 'Life and Work' section of that movement and the German Confessional Church. The German Confessional Church was the true Evangelical Church of Germany during the Nazi era, and resisted the introduction of the Nazi ideology of racism and totalitarian "Führerprinzip" into the Church of Christ. It was Bonhoeffer who, as a representative of the Confessional Church and a personal friend of Dr Bell, played an important part in the formulation and promotion of the 1934 "Message of Ascension-tide" which was concerned with the position of the German Evangelical Church and was addressed by the Bishop of Chichester to the representatives of the Churches on the Universal Council for Life and Work.

Our young people regard this period of Bonhoeffer's life (1931—1934) when he was the Youth secretary of the World Alliance for International Friendship through the Churches, as a time of preparation for his later activities, including the writing of his books. It is the Bonhoeffer of the Nazi

Resistance, the Bonhoeffer of the Gestapo-prison, who is mostly read by our young people. This must not be taken to mean that he is chiefly a political image: on the contrary, it is true to say that "Letters and Papers from Prison" has provided the young members of our Church with the equivalent of a Breviary. I personally know several of them who have read this book four or five times and know some of its more important sections by heart. The fragments of Bonhoeffer's "Ethics" are also widely read; he himself considered this his most important book and continued to work on it during the war and up to his arrest.

What is the reason for this passionate concern with Bonhoeffer's thought? Even a cursory knowledge of Bonhoeffer will substantiate the claim that his books, articles, lectures and sermons in every period of his life and theological thought were concerned with the task of preaching the Gospel in the modern world, with the unity of doctrine and action, both of the Church as a whole and of each of its members. As he saw it, only this unity could guarantee the validity of the Christian message in a secularised age.

'Cheap grace' and 'costly grace'

This is why Bonhoeffer fights against the concept of "cheap grace" in German Protestantism (see "The Cost of Discipleship" — the best known of his earlier books). By "cheap grace" Bonhoeffer means that Christians do not think it is necessary to obey the commandments of God given to them by Christ himself in the Sermon on the

This article comes from a Christian worker in Eastern Germany whose name cannot be disclosed for obvious reasons — Editor.

Mount and think that they can rely on the redemption and forgiveness of all their sins merely in virtue of their faith in Christ, and without the necessity of an absolute obedience to him. They are not aware of the fact that the grace of God 'cost' our Lord's death or the Cross, and that is, therefore, 'costly grace' and not 'cheap grace'. On the other hand, the Christian who has understood that God's grace is 'costly grace' cannot live his life in a "devil-may-care" kind of way as if nothing had happened; he is bound to follow his Lord on the narrow path which leads to righteousness (Matt. 7:

14), and this is a path of "faith expressed in action". Again many of the convictions expressed at the time when he was in frequent contact with representatives of the Anglo-Saxon world indicate that Bonhoeffer thought that the preaching and teaching of English and American Churchmen is not sufficiently grounded in Biblical Theology — thus they are not fully able to come to grips with social, national and international questions, in spite of their goodwill and readiness to help.

Bonhoeffer always tried to live by these insights himself, to discover the exact will of our Lord and to live a truly Christian life in the real world of the 20th century.

War and peace

During the time of his frequent ecumenical contacts no international question excited Bonhoeffer more than the question of war and peace. Between 1928 and 1939 his papers and addresses repeatedly return to this theme. For instance 1932 at the Youth Conference of the World Alliance for International Friendship through the Churches held at Gland on Lake Geneva, he said: "The Church of Christ stands for peace between people, between nations, between classes and races. But the Church knows also that there is no peace where justice and

Germany.

truth are absent. A peace which oppresses justice and truth is no peace, and against such a pseudo-peace the Church of Christ must protest. There exists a sort of peace which is worse than fight and struggle. But the fight and struggle here must be in the spirit of love to the adversary, a fight of the Holy Ghost, not of the flesh . . ."

Bonhoeffer energetically denied that this struggle for truth and justice would involve war. He used an example from the sphere of worldly justice: you have to try criminals in court to secure justices but this does not imply the lawfulness of torture; the practices of the court must rest on the Law of God. In the same way, war is not allowed as a means of promoting justice and truth.

In August 1934, at a Youth Conference in Fanø (Denmark), Bonhoeffer read the introductory paper. The following is a summary of his thoughts on this subject:

"In one word, 'war', we have the enemy of our work for peace.

1. We must understand what war is: a. War is a conscious action, which has as its source the conscious decisions of the human will which is fully responsible for it;

● Continued on page 2

Die beoefening van geestelike gemeenskap tussen lidmate van die Moederkerk en die lidmate van die N.G. Sendingkerk

DS. W. J. VAN DER VYVER*

HIERDIE onderwerp het vir die Kerk vandag aktueel geword. Dat die Kerk dit dan ook erns meen met die saak, blyk ook uit verskillende besluite en uitsprake gedurende die laaste dekade. Graag lewer ek hiermee dan 'n bydrae om die beoefening van geestelike gemeenskap tussen lidmate van die Moederkerk en die N.G. Sendingkerk te bepleit vanuit die Sendingkerk.

Ek lewer my pleidooi dan:

1. Op grond van ons geskiedenis tot ongeveer 1881;
2. Op grond van resente besluite en uitsprake van die kerk;
3. Op grond van die praktiese uitvoerbaarheid daarvan;
4. Op grond van die Heilige Skrif

Ek plaas die prinsipiële grond laaste, nie omdat dit van minder belang is nie, maar omdat ek met opset eers die geskiedkundige materiaal na vore wil bring, en verder ook omdat ek nie hier beoog om breedvoerig aandag te gee aan die prinsipiële aspekte nie.

1.) Op grond van ons geskiedenis tot ongeveer 1881

Sedert die volksplanting aan die Kaap is die bekeerlinge uit die slawe en Hottentotte by die Gereformeerde gemeente alhier ingeskakel. Eredienste is gesamentlik bygewoon; doopsbediening het gelyktydig plaasgevind; katekisasieklasse is gesamentlik gehou; be-

vestiging van lidmate het by dieselfde geleentheid geskied en Nagmaalsvieringe het rondom dieselfde tafel plaasgevind.

Die gekleurde Christene was dus op gelyke voet met die blanke Christene behandel, hoewel daar vroeg reeds spesiale sitplekke vir die nie-blankes was. Hoewel afsonderlike bearbeiding ook reeds teen die einde van die 18de eeu plaasgevind, bly hulle nog lidmate van dieselfde moederkerk. Die bedoeling was klaarblyklik nie om deur afsonderlike bearbeiding hulle uit die kerklike gemeenskap van die blankes uit te sluit nie. Die volgende besluit van die eerste vergadering van die Ring van Kaapstad is insiggewend:

„Dat men volgens den leer des Bijbels en den geest des Christendoms verplicht is zoodanige personen (van de kleur) tegelyk met geboren Christenen tot het Avondmaal toe te laten.”

● Vervolg op bladsy 2

Die beoefening van geestelike gemeenskap (vervolg)

Aan die begin van die 19de eeu vind ons 'n treffende beskrywing van 'n gesamentlike Nagmaalsviering te Caledon, waar ds. M. C. Vos destyds predikant was.

Ook die Sinode van 1829 staan daarop dat die Nagmaal gelyktydig gevier moet word, sonder onderskeid van kleur of afkoms.

Die Sinode van 1837 versoek verder dat genoegsame sitplekke vir heidene wat die dienste besoek, gelaat moet word. Ook word die nie-blankes uitgenooi om die kerkasieklas by te woon. Dit is derhalwe duidelik dat daar tot op hierdie datum nog geen afsonderlike aanbidding was nie. Daar was geestelike gemeenskap binne een kerkverband en in dieselfde kerkgebou.

Stockenström-gebeure:

Besluit 1857

Maar dan kom 1855, toe daar in die gemeente Stockenström probleme ondervind word, nie met gesamentlike bywoning van eredienste nie, maar met gesamentlike viering van die Nagmaal. Die aantal blanke lidmate, wat hulle by die oorspronklike gemeente wat uit Hottentotte en Kleurlinge bestaan, gevoeg het, wou hê dat hulle afsonderlik met die Nagmaal bedien moes word. Die Kerkraad het egter geweier omdat dit in stryd sou wees met die Nagmaalsformulier, die geloofsartikels en baie Skrifuurplekke. Uiteindelik het die saak voor die Ring van Albanie geding met die gevolg dat die Ring aanbeveel het dat die Nagmaal afsonderlik aan die blankes bedien word, nadat die Kleurlinge bedien was. Hierdie besluit was ingrypend in die lig van die byna 200 jaar wat verby was. Nadat die saak ook voor die Sinode van 1857 geding het, is die volgende besluit deur die Sinode aangeneem:

„De Synode beskouwt het wenschenlyk en Schriftmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zouden staan,

de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelike voorregten in een afzonderlijk gebou of Gesticht genieten zal.”

Die Sinode handhaaf dus dat daar nie Skriftuurlike gronde vir skeiding is nie, maar laat dit wel toe op praktiese gronde. Die Sinode het hierdie reëling as van tydelike aard beskou. Die geskiedenis sou egter so anders verloop. Die skeidingsproses wat reeds by Stockenström begin het, sou na 1857 sig al meer laat voel. Die weë tussen die blanke en nie-blanke lidmate het maar al verder uitmekaar gegaan.

Uiteindelik kom die stigting van die N.G. Sendingkerk in 1881 toe nie-blankes die geleentheid kry om tot 'n afsonderlike kerkverband toe te tree. Alle gemeentes het nie by hierdie kerk aangesluit nie, want daar was nie dwang toegepas nie. Tog sou ná 1881 die weë van die blanke en Kleurling-Christene nog verder uitmekaar gaan, omdat kontak met mekaar al moeiliker geword het. Die gevolg sou wees dat geestelike gemeenskap met mekaar al meer iets van die verlede geword het.

En vandag leef ons eenvoudig bymekaar verby, veral in die stadsgebiede. Ons weet min van mekaar; ons stel min belang in mekaar; ons raak al meer vervreemd van mekaar. Die verhouding is grotendeels dié van stiefmoeder en stiefkind teenoor mekaar — dit ontbreek aan wedyersydse warmte liefde vir mekaar.

Tog is dit duidelik dat die moederkerk nie onverskillig staan t.o.v. die onderlinge beoefening van geestelike gemeenskap nie. Dit blyk veral uit die besluite ten uitsprake gedurende die laaste dekade hoedat met die probleem geworstel word. Daarom wil ek verder pleit vir die beoefening van geestelike gemeenskap.

2.) Op grond van resente besluite en uitsprake van die kerk

Eerstens vestig ek die aandag op die beleidsverklaring van die Raad van Kerke in 1956:

„Dat, waar historiese ontwikkeling op sendinggebied deur die eeue

onder die druk van omstandighede tendense van onchristelike eksklusivisme vertoon en so die beoefening van ware Christelike gemeenskap tussen Christene van verskillende rasse belemmer het, dit geskied, nóg deur kwaadwillige gesindheid teenoor nie-blankes, nóg met die goedkeuring van die ampelike leiding van die Kerk, maar gesien moet word as die resultaat van onbeheerbare omstandighede en van algemene menslike swakheid.”

Die Raad erken dus dat die beoefening van geestelike gemeenskap skade gely het. By implikasie pleit die Raad dus vir so'nige gemeenskap.

Uit die rapport van die Kommissie oor Rasseverhoudinge van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van 1958 haal ek die volgende aan:

„... die Kerk moet deur sy leiding en voorbeeld sy lede opvoed en voorberei vir die beoefening van Christelike gemeenskap met gelowiges uit ander rasse.”

Die Uniale Sendingkongres gehou te Kroonstad in 1960 het o.a. die volgende besluit geneem:

„Die kongres neem met dankbaarheid kennis van die aangeleentheid wat daar telkens kom vir samesprekings tussen moeder- en dogterkerke en versoek die verantwoordelike kerkbesture om meer sulke aangeleenthede te skep. Sulke geleenthede kan gevind word in gesamentlike konferensies, biddae, en byeenkomste vir onderlinge versterking en spesiale geleenthede wat in 'n plaaslike gemeente mag voorkom.”

Duidelik word die behoefte aan geestelike gemeenskap hier gevoel.

In hierdie verband moet die aandag ook gevestig word op die bevinding van die Kerkeberaad van Cottesloe in 1960, waar oor ons onderwerp die volgende besluit geneem is:

„Niemand wat in Jesus Christus glo, mag uitgesluit word uit enige Kerk op grond van sy kleur of ras nie. Die geestelike eenheid van alle mense wat in Christus is, moet sigbaar tot uiting kom in handeling van gemeenskaplike aanbidding en getuënis, in ge-

meenskap en konsultasie oor sake van gemeenskaplike belang.”

Besluit Kaapse Sinode 1961

Ten slotte vestig ek die aandag op die besluit van die Kaapse Sinode in 1961 in verband met kontak tussen lidmate van die moeder- en dogterkerke:

„Die Sinode wil dan ook alle gemeentes van ons Kerk aanmoedig om, met die nodige versigtigheid en Christelike liefde weë te soek waarlangs ons as Christene en lidmate met dieselfde belydenis mekaar beter kan leer ken, beter kan leer saamwerk en beter kan leer saam bid in belang van Gods Koninkryk.”

Hoewel die Sinode dus hom nie wou vereenselwig met die besluite van Cottesloe nie, het hy tog hierdie mooi en bemoedigende besluit geneem waaruit dit duidelik is dat die moederkerk die behoefte aan geestelike gemeenskap met sy lidmate uit die dogterkerke voel. Mag hierdie besluit tog net in konkrete dade gestalte kry. In beginsel is die moederkerk dus ten gunste van geestelike gemeenskap, maar in die praktyk kom daar ongelukkig nog nie veel van tereg nie. Ons pleit met u, ons moederkerk, voeg die daad spoedig by die woord. Want talle besluite soos o.a. hierbo aangehaal, sê vir ons duidelik hoe u voel; maar besluite alleen is nie genoeg nie. Ons verwag van u konkrete dade!

Vervolgens wil ek pleit vir geestelike gemeenskap tussen lidmate van die moeder- en sendingkerk.

3.) Op grond van die praktiese uitvoerbaarheid daarvan

Daar is in werklikheid geen wesenlike verskil tussen die Moederkerk en die N.G. Sendingkerk nie. Ons voertaal is Afrikaans; ons lees dieselfde Bybel; ons gebruik dieselfde liturgiese formuliere; ons staan op dieselfde belydenisgrondslag; ons eredienste is in hooftrekke op dieselfde manier ingerig. Ons het dieselfde kultuur; baie van ons lidmate het sosiaal en ekonomies reeds ver ontwikkel; daar vloei baie bloed in ons are; geografies grens ons gemeentes aanmekaar.

Ook geestelik het baie van ons lidmate ver gevorder; daar is talle toegewyde Christene wat opreg die Here dien en aktief is in sy diens deur middel van die kerkraad, die Sondagskool, die C.S.B., die Kinderbond, die C.J.V. en die brigade.

Kleurling-Christene toon diepe insig in geestelike sake, getuig spontaan vir die Here en het liefde vir die Woord van God en glo in die gebed. Daar is absoluut geen hindernis in die weg van geestelike gemeenskap van die kant van die Kleurling-Christene nie. Die probleem lê by die blanke Christene met sy kleurvooroordeel. Die Sendingkerk se deure staan vir die blanke oop. U kan u in sy kerk kom verryk, maar die deure van die Moederkerk staan nog nie oop vir die Kleurling-Christene nie. Die verantwoordelikheid is derhalwe op die Moederkerk om alles in haar vermoë te doen om die struikelblokke in die weg van geestelike gemeenskap tussen moeder en dogter uit die weg te ruim.

Ek pleit ook vir geestelike gemeenskap tussen blanke en nie-blanke Christene.

4.) Op grond van die Heilige Skrif

Dit is duidelik dat die beleid aan die Kaap vanaf die begin op Skrifuurlike gronde gerus het. Die Sinode van 1857 het skeiding toegelaat op praktiese gronde. Die besluite en uitsprake van die laaste jare impliseer ook almal die Skrifuurlikheid van geestelike gemeenskap tussen Christene en verskillende rasse.

Elkeen wat die Skrif onbevooroordeeld lees, kan dan ook nie tot 'n ander gevolgtrekkings kom nie. Die Christendom is die nuwe volk van God (I Petrus 2:9) en alle Christene behoort tot die familie van Jesus Christus.

• To be continued.

• Vervolg op bladsy 4

Dietrich Bonhoeffer and young Christians

• Cont. from page 1.

- War is the work of the evil powers of this world and is, therefore, the work of the enemies of God and similar to diseases, catastrophes, etc.;
- War reveals the true nature of a world which has fallen under the law of death.
- Those who attempt to justify war usually do so in three ways which are related to the threefold nature of war delineated above:
 - Those who consciously decide to wage war maintain that it is a means of maintaining the security of the state and of bringing about future peace. This is a "moral" justification of war.
 - Those who regard themselves as realists maintain that war is an irresistible event over which no man has any power. This is a fatalistic justification of war.
 - Those who regard themselves as being more positive realists maintain that war reveals an heroic world of sacrifice. This is an idealistic justification of war.
- Secular pacifism replies as follows to this 3-fold attempt to justify war:
 - The peace and welfare for which humanity seeks cannot be brought about by means of war. There is no moral justification for waging war.
 - An organisation must be created which will approach problems arising between the nations in a reasonable and rational way, thus holding back the irrational powers making for war.

- War must be suppressed so that the world will be revealed as a good world.
- The Christian Church replies as follows both to those who attempt to justify war and to the secular pacifist:
 - The human will must be confronted with the commandment, "Thou shalt not kill". God does not exempt any of us from obedience to His Commandments. If we are disobedient to God we will be guilty before God, the God of the Sermon on the Mount who is not only our Saviour but our Judge. To those who object: "The state must be maintained", the Church replies: "Thou shalt not kill". To those who object: "War creates peace" — the Church replies: "It is a lie! War creates destruction!" To those who object: "The nation must defend itself!" — the Church replies: "Have you put your faith in God for protection, remembering that to have faith in God means to obey His commandments?" To those who object: "My love for my neighbour compels me to defend him!" — the Church replies: "He who loves God must keep all His commandments!" To those who ask: "What shall I do?" — the Church replies: "Believe in God and be obedient to Him!"
 - But to the secular pacifists the Church replies: "The motive behind our actions is not primarily the welfare of humanity, but obedience to the

commandments of God. Ever if war was to the good of mankind the commandments of God would still have to be obeyed by us."

- We will not brake the power of evil by means of an organization, but only by prayer and fasting (Marc. 9:29). Any other attitude underestimates these powers and regards them as natural or materialistic ones. The spirits of hell will only be banished by Christ himself. This does not imply fatalism nor organization, but prayer! Although they too are subject to the power of evil those men who feel their responsibility for bringing about peace will be made aware of the fact that the solution to this problem will only come about through God's help. Prayer is stronger than any organization. It is easy to hide the burden of evil and the struggle involved behind an organisation. (See Eph. 6:12).
- Because war reveals the true nature of the world as being under the domination of the law of death, it also reveals that the abolition of war would only be the suppression of a horrible symptom — it would not destroy the rest of the evil.

It is not pacifism that is victory which overcomes the world, but faith which expects everything from God and trusts in the coming of Christ and his Kingdom. (1 John 5:6). Only then will the cause of the evil, the devil and his demons, be overcome.

PRO VERITATE

Editorial

VENI CREATOR SPIRITUS

No one can deny the need for the Church to be renewed, and in a sense all Christians are working and praying for a recreation of its life by Christ. But how do we expect this to happen and what will it cost?

We must not expect the Church to be renewed without the renewal of each one of us. We cannot expect a new manifestation of God's power in the life of the Church while we deny God's right to tell us how we must live; while we water down God's commandments to conform with the standpoint of the society in which we live; while we approach the problems of racial tension and bitterness, of family life and divorce, of business and political truthfulness, in the same way as those who own no allegiance to Christ; while we are unwilling to suffer the criticism, scorn and slandering insinuations of those who regard God's commandments as idealistic, impractical and a threat to our survival. All this points to the fact that we who are Christ's Church can only be renewed at the foot of His Cross.

Neither must we expect the Church to be renewed by our confessing the sins of other Christians. Official and unofficial statements of various denominations and individuals suggest that we all subscribe to a theology of "vicarious confession" instead of vicarious suffering! Depending on the denomination to which you belong it is either the Government, or the English-press, or the Broederbond, or the Free Masons, or the Independent African churches, or the Archbishop, or Article 3, or the Dutch Reformed Churches, or the English-speaking churches, etc., which is to blame for the powerlessness of the Church in South Africa, and for the fact that we are so hopelessly divided and so often at loggerheads with each other. Would that there were 'vicarious confession' — the sins of all whom we have mentioned would long ago have been forgiven and cleansed!

When we recall the season of the Christian year which is being celebrated at present we will be able to see what it costs to be part of the renewal of Christ's Church. The Cross and Resurrection of our Lord, His ministry to the disciples before His Ascension and their preparation for Pentecost, are both a judgment on the shallowness of much of our thinking about unity and renewal, and also God's answer to our need to be recreated by Christ. The Biblical record of these events tell us what it costs for the Church to be renewed. Without fuss or high-sounding phrases we see why we need to be recreated — the selfish intrigues of a Judas; the political expediency of a Caiaphas; the spinelessness of a Pilate; the 'big-talk' and 'no-action' of a Peter — then as now it is as easy as this to raise a Cross.

But this is fortunately not the whole story. God comes to the rescue — 'Christ is risen!' He ministers to His disciples before His Ascension, and they continue to pray together and to seek God's will in His Word. He also prayed for them — 'may they all be one; as We are one' — in a visible unity of obedience and love. On Pentecost 'they were all together in one place', for 'when any person is recreated by Christ he is a new person altogether!' (2 Cor. 5 : 18).

Veni, Creator Spiritus!

Inleidingsartikel

DIE VOLKSKONGRES

Dit is jammer dat die Volkskongres voorafgegaan is deur 'n „McCarthy-liberalisme”-strydvraag wat dikwels gekenmerk is deur vaagheid, halwe waarhede en blatante wanvoorstellings. Ons beskou dit as jammer, omdat die oppervlakkige en subjektiewe oordele in dié strydvrage baie openbare en private waardebevestigings van die Kongres beïnvloed het. Sommige kon in die kongres slegs 'n opkomende en gevaarlike McCarthyisme sien in alles wat gesê en gedoen is. Ander weer is beïndruk deur alles wat bykomende ammunisie vir die anti-liberale aanval waarin hulle betrokke is, verskaf het.

In hierdie situasie waarin die waarheid lamgelê is deur twee opponerende ideologieë, elkeen vasbeslote om harder te skreeu as die ander, is dit noodsaaklik vir alle Christene om te onthou dat God nie net liefde is nie; Hy is ook Waarheid (Joh. 8 : 26; 14 : 6). En omdat Hy die Waarheid is, is dit nodig dat ons wat daarop aanspraak maak dat ons syne is, sal waarsku teen die vrugteloseheid van hierdie onsinnige en oppervlakkige geskreue van slag-spreuke. As ons dink dat ons enigets verdedig deur voortdurend „McCarthy” of „liberalis” te skreeu, mislei ons onself. Nog minder is ons dan besig om 'n bolwerk teen Kommunisme op te rig.

OORDENKING:

Die voorbidders na wie God soek

Wagters word gewoonlik op stadsmure geplaas om kennis aan die owerstes van komende gevare te gee. God stel wagters aan nie slegs om mense te waarsku nie — dikwels wil hulle nie geoor gee nie — maar ook om sy hulp in te roep, watter nood of vyand hulle ook bedreig. Die groot teken van die voorbidders is dat hulle nie dag of nag swyg nie, geen rus neem nie en God nie met rus laat nie, tot die verlossing kom. In die geloof kan hulle staat maak op die versekering dat God hulle gebed sal verhoor.

Dit is met betrekking hiermee dat ons Here Jesus gesê het „Sal God dan nie regdoen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie?” Uit elke land word die geroep geoor dat die Kerk van Christus onder die invloed van die mag van die wêreld, en die wêreldgesindheid wat daarmee gepaard gaan, besig is haar invloed oor haar lede te verloor. Daar is slegs min bewys van Gods teenwoordigheid in die bekeering van sondears of die heiligheid van sy volk. By die groot meerderheid van Christene is daar 'n totale nalaat van God se oproep om deel aan die uitbreiding van sy koninkryk te neem. Die krag van die Heilige Gees word selde ondervind.

Onder al die besprekings aangaande wat gedoen moet word om jong- en oumense belang te laat stel in die ondersoek

O Jerusalem, ek het wagte op jou mure uitgesit, wat gedurigdeur die dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here aan sy beloftes herinner, moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie. — Jes. 62 vss. 6,7.

DR. ANDREW MURRAY*

van Gods Woord, of liefde op te wek vir die diens van sy Huis, hoor ons weinig van die onmisbare noodsaaklikheid van die krag van die Heilige Gees in die amp en die lidmaatskap van die Kerk. Ons sien min oortuiging en belydenis dat dit aan die gebrek van gebed toe te skryf is dat die uitwerking van die Gees so flou is, en dat verandering alleen deur verenigde vurige gebed teweeggebring sal word.

As daar ooit 'n tyd was dat Gods uitverkorenes dag en nag tot Hom sou roep, dan is dit Nou. Sal u nie, liewe leser, uself aan God aanbied vir hierdie werk van voorbidding, en leer dit as u hoogste voorreg te beskou om 'n kanaal te wees deur wie se gebede Gods seëninge na die aarde gebring kan word?

GEBED

Altyd geseënde Vader, verhoor ons, bid ons U en wek self voorbidders op, sulkes soos U graag wil hê. Ons smeek U, gee ons manne en vrouens om in herinnering te bring, hulle wat nie rus nie, en wat U sonder rus laat totdat U kerk weer 'n lof op aarde word. Geseënde Vader, laat U Gees ons leer om te bid. Amen.

(* Ons plaas dié oordenking van hierdie groot Godsmen met die oog op die besondere betekenis wat dit het vir ons tyd. — Red.)

MEDITATION:

HALLOWED BE THY NAME

IN INDUSTRY:	God be in my hands and in my making.
IN THE ARTS:	God be in my senses and in my creating.
IN THE HOME:	God be at my heart and in my loving.
IN COMMERCE:	God be at my desk and in my trading.
IN SUFFERING:	God be in my pain and in my enduring.
IN GOVERNMENT:	God be in my plans and in my deciding.
IN EDUCATION:	God be in my mind and in my growing.
IN RECREATION:	God be in my limbs and in my leisure.

Holy, Holy, holy Lord of Hosts, Heaven and earth are full of thy glory.

Inscription in Coventry Cathedral, England.

Taken from Christian Recorder d.d. March 6, 1964.

Gelukkig het sommige van die referente op die Volkskongres hulle toegespits op hulle taak in 'n gees van nederigheid en liefde vir die waarheid. Ander weer was minder bestendig maar het tog sporadies getoon dat hulle bewus was van die kern van die vraagstuk. Dus het prof. dr. C. H. Rautenbach die Kongres geopen met die verstandige raad om nie impulsief en emosioneel te reageer teen die aanslag van die Kommunisme nie, maar met redelikheid en sedelikheid. Vragenderwys het hy gemaak tot self-ondersoek: „Dreig ons grootste gevaar werklik van agter die ystergordyn, of lê dit duskant die gordyn?”

Prof. dr. P. F. D. Weiss het in dieselfde trant gemaak dat die Kongres wetenskaplike, nugtere, objektiewe en feitlike voorligting oor Kommunisme moet verstrek. In sy uitmuntende referaat het hy dit ook gedoen.

Voortgaande op hierdie weg het prof. dr. G. Kuipers van die Amsterdamse Vrije Universiteit 'n besonne en wetenskaplik-gefundeerde ontleding gegee van die wyse waarop Kommunisme „onder die vel van nasionalisme inkruipt” en skuil agter nasionalisme; dit tier welig op sosiale, ekonomiese,

politieke en rasaardige spanninge.

Asof in antwoord hierop het prof. dr. S. P. van der Walt verklaar: „Ons moet aan die Bantoe, kleurling en Asiaat sê: „Ons het jou lief en ons het jou nodig vir die ontwikkeling van hierdie groot land. God het jou hier geplant en niemand mag jou hier wegneem nie.”

Dis nie nodig dat ons verwys na diegene wat hulle oorgegee het aan oppervlakkige slagspreuke nie. Hulle het die enigste loon wat hulle kan verwag, ontvang — publisiteit. Maar genoeg is gesê om die sinneloosheid aan te dui van sowel die Kongres te beskou as 'n manifestasie van McCarthyisme as die verskaffing van 'n nuttige handboek teen die gevare van die liberalisme of die ekumene.

Om hierdie rede wil ons die hoop uitspreek dat die referate wat op die kongres gelewer is, gepubliseer sal word. Dit sal almal wat besorg is oor die dreigement van Kommunistiese invloed in staat stel om die kaf van die koring in hierdie saak te skei. En indien nog kongresse gehou word, vertrou ons dat al die sprekers met sowel die feite as die bekwaamheid toegerus sal wees om die vraagstuk objektief te benader.

J.A.M.

PROF. A. VAN SELMS

'N BELYDENIS GESING

IN die Afrikaanse kerke van hierdie land word dikwels verwondering uitgespreek oor die feit dat getroue lede van die ooreenkomstige kerke in Nederland soveel moeite het om met hart en siel deel te neem aan die kerklike lewe soos dit hom in die Nederduits Gereformeerde en die Hervormde Kerk hier te lande openbaar. In die besonder word opgemerk, dat die standpunt wat hierdie kerke in sake die kleurskeidslyn inneem, en wat uitloop op die vorming van afsonderlike kerke vir die verskillende groepe van nie-blankes, so min begrip by die Nederlanders vind, en dikwels met verontwaardiging verwerp word.

Vir die argument dat 'n mens eintlik in hierdie land gebore en opgevoed moet wees, om die rassevraagstuk reg te verstaan, is die Nederlanders nie baie vatbaar nie. Hulle sal daarop antwoord dat juis die feit dat 'n mens hier gebore en opgevoed is, dikwels 'n beletsel sal wees om 'n juiste blik op die verhouding van kerk en kleurskeidslyn te verwerf. Want dit vereis 'n groot mate van selfstandigheid en stoutmoedigheid om 'n objektiewe oordeel te vorm oor wat vir ons van die begin af vanselfsprekend gelyk het.

In opdrag van die Hervormde Kerk in Nederland het ek hierdie week 'n werk verrig, wat my daartoe gedwing het om voortdurend te blaai in die gesangeboek van daardie kerk. Dit is die bundel „Psalmen en Gezangen voor de eredienst der Nederlandse Hervormde Kerk, in opdracht van de Algemene Synode der Nederlandse Hervormde Kerk op nieuw verzameld en bewerkt". Die psalms in daardie uitgawe is dieselfde as wat van 1773 tot 1936 in Afrika gesing is; die nuwe Nederlandse psalmberyming is nog nie amptelik in die Hollandse kerke ingevoer nie. Maar die gesange is nie die bundel wat as model vir die Afrikaanse gesange van 1943 gedien het nie; dit is 'n heeltemal ander bundel, waarin baie van die ou gesange weggelaat of gewysig, en meer as honderd nuwe toevoeg is. Dit is hierdie bundel wat orals in die Hervormde gemeentes van Nederland gebruik word, en waarby sinds 1938 'n hele nuwe geslag opgegroe het.

Boodskap van die Gesangebundel

Die hernude bestudering van hierdie bundel het vir my 'n nuwe lig laat opgaan oor die halsstarrige we-

ring van baie Hollanders om hulle by 'n bepaling soos art. III van die Kerkwet van die Hervormde Kerk van Afrika neer te lê. In daardie artikel kom die berugte woorde „tot die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika behoort slegs blanke persone" voor, en in daardie artikel word ook gesê dat die Hervormde Kerk „die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volks-groepe" beoog. Oor die historiese agtergrond van hierdie bepaling praat ons nou nie; in die vraag na die organisasie van die kerk behoort historiese gegewens nie die laaste woord te hê nie, want volgens die Nederlandse Geelofsbelofte is daarby prinsipiële, Bybelse, gronde gemoed. Dit gaan ons vandag net oor die vraag, waarom mense uit die Nederlandse kerk so 'n moeite het om daardie artikel met sy konsekwensies te aanvaar.

Dit word heeltemal begryp as ons die Gesangebundel van die Nederlandse kerk soos vanaf 1938 in gebruik, aandagtig lees. Dan kom ons bv. by Gesang 103 : 1:

„Behoed uw Kerk, zet uit, o God, haar palen, zij kenn' eerlang geen grenzen meer!"

en effens verder in vers 2:

„Ontgloei heel d'aard' in broedermin!
Moog' elke muur, die nog haar duizendtallen
vaneen scheidt, vallen!"

Wie dit gesing het, kan vervolgens moeilik tog grense trek en mure gaan bou. En as die predikante en ander sielsorgers in hierdie land „die verbrekking van die dogter van my volk op die maklikste manier genees" (Jer. 6 : 14; 8 : 11) deur te sê dat hierdie gesang van die onsigbare kerk spreek

en die eenheid in Christus wat die onsigbare kerk ken, geen ekwivalent in die sigbare kerke vereis nie, dan onthou ons Nederlandse immigrant dat in Gesang 105 van dieselfde bundel staan:

„Wij bidden en wij danken saam tot God met d'enen Vadersnaam".

En hy vra: waar is daardie gesamentlike aanbidding, waarvan hierdie gesangvers praat? Dit is 'n sendingslied, dit spreek van wat verwag word van die evangelieprediking onder die heidene in al die lande van die wêreld. Hier word van geen stigting van rasiaal geskeie volkskerke gepraat nie; hier word gesing van 'n aanbidding wat mense van die mees verskillende herkoms in een kerk verenig.

As die immigrant nog bietjie verder blaai in sy ou gesangeboek, wat hy op reis saamgeneem het en vir hom dierbaar is, kom hy by Gesang 121 met sy vlotte, geesdriftige wysie:

„ . . . dat Hij ons over grenzen heen
laat zien het groot gezicht
van aller mensen broederschap
in 't ene, godd'lijk licht."

Skeldnaam word erenaam

„Aller mensen broederschap" — sou dit nou liberalisme of kommunisme wees? Hy laat hom nie daardeur oortuig nie, en as hy deur hierdie gesang te sing en in praktyk te bring 'n kafferboetie sou wees, dan aanvaar hy, soos sy voorouers, daardie skeldnaam as 'n erenaam, waarmee hy graag voor die troon van die ewige Regter sal verskyn.

Die gesang gaan trouens nog verder:

„God roept, en wat de mensen scheidt,
dat zij geen scheiding meer;
zijn liefde houd' ons allen saam
en samen met de Heer."

Met ander woorde: daar is natuurlik dinge wat die mense van mekaar skei, maar die kerk en sy lewende lidmate erken daardie skeiding nie en werk om dit op sy terrein te deurbreek en weg te vaag.

Wat 'n mens in sy jeug leer sing het, onthou hy sy lewe lank. Dit word 'n stuk van sy lewe, dit word die uitdrukking van sy innerlike oortuiging en die rigsoer van sy handelinge. Dit is 'n belydenis deur hom gesing.

NEW GENERAL SECRETARY

OF AACC TAKES UP

APPOINTMENT

Mr Samuel Amisshah, Principal of Wesley Teachers' Training College, Ghana, has arrived in Kitwe to take up the post of General Secretary of the All Africa Conference of Churches. Mr Amisshah was appointed by General Committee of the AACC in April 1963 but was unable to relinquish his post until January 1964. In the mean time the Secretariat was managed by Dr Donald M'Timkulu who had been Secretary of the Provisional Committee which arranged the Kampala Assembly. Dr M'Timkulu has since become Principal of the Mindolo Ecumenical Centre. He is also Chairman of the General Committee of AACC and Chairman of the Board of Governors of the Africa Literature Centre.

Die beoefening van geestelike gemeenskap. (Vervolg van bl. 2.)

tus (Lukas 8 : 21). Hierdie nuwe verhouding waarin verlore sondears tot mekaar te staan kom, moet sigbaar tot uitdrukking kom. Vergelyk o.a. ook die volgende verse in die hoë-priesterlike gebed van die Here Jesus: Joh. 17 : 11, 21, 22, 23. In Openbaring 7 : 9 beskryf Johannes 'n hemelse gesig van 'n groot menigte uit alle nasies en stamme en volke en tale. Indien ons dan eenmaal in die hemel geestelike gemeenskap met mekaar sal geniet, is dit tog onverklaarbaar dat hiervan niks op aarde tot uitdrukking kom nie. Die beoefening van geestelike gemeenskap mag nie maar gereserveer word vir die hemel nie, dit mag nie slegs as eskatologiese leerstuk benader word nie. Dit moet hier reeds beoefen word.

Wanneer daar weer met hierdie saak erns gemaak word, wag daar gesënde ondervindinge vir beide kante. Deur ons isolasie is albei geestelik verarm. Beoefening van onderlinge geestelike gemeenskap sal geestelike verryking meebring.

*Ds. W. J. van der Vyver is herder en leraar van die N.G. Sendinggemeente, Retreat. Hierdie artikel van die skrywer is onverkort oorgeneem uit die Jaarblad van die Teologiese Skool vir die N.G. Sendingkerk, Wellington, K.P. (1963).

REV. S. P. FREELAND*

HOWEVER much Christians generally might disagree with some of the things said by Archbishop Whelan in his recent statement on South Africa and her race policies, that statement must be welcomed at least as another contribution to a reasoned, careful and highly-motivated examination, from the religious angle, of present national policies.

Those who have studied the whole statement will find that a good deal of what it says is difficult to refute from the point of view of Christian teaching.

Where we agree

For instance, most Christians will agree with the contention that there is no teaching of the Church in opposition to the idea of a state composed of a number of national or racial groups maintained in their separate and distinct identity by the state of which they form a part.

To the best of my knowledge no religious leaders have ever denied this. It must also be agreed that "in no

society can every man have the full exercise of those rights which belong to himself theoretically as a human person."

Therefore, as Dr Whelan rightly says, living in society must of necessity impose some restrictions on the freedom of the individual.

We agree, too, that democracy is not necessarily the only form of government compatible with Christianity; that the "one man one vote" system may not always be desirable; that the great majority of non-Europeans have not yet reached the stage of development which would justify their integration into a homogeneous society with (the great majority of) Euro-

peans; and that there will always be inequalities in society that necessarily affect human relations.

With all this many of us have no quarrel.

Neither have we any quarrel with the answer given to the question, Is apartheid not an injustice which must go? to which the Archbishop replied, It all depends on what you mean by apartheid.

Where we are in doubt

In fact this is really the crux of the whole statement. What do we mean by apartheid? It is because so many people in South Africa have never really faced up to this question, and have differing ideas as to what is meant by this term, that so often we find ourselves talking at cross purposes.

The Archbishop goes on, in endeavouring to answer the question, to point out — rightly — that we must distinguish between the idea of apartheid or separate development on the one hand, and the actual laws and regulations

which are made to implement the theory.

So far so good. But it is precisely at this point, which is the kernel of the whole discussion, that the good Archbishop fails to make the distinction which he so truly says is crucial.

He seems to suggest that the idea of apartheid is simply the idea of separate national or racial groups existing as part of one state. Nothing could be further from the truth.

There are at least three distinct characteristics of the South African policy of apartheid or separate development, as currently pursued (the words are Dr Whelan's) which go far beyond the mere theory of separate grouping.

Dressed-up dictatorship

First and foremost, it is of the essence of our present racial ideology that the white group alone decides what is the best policy for the country as a whole. In other words the concept of racial grouping is used to de-

Great Need for

DRAWING NEAR TO THE 'QUICK' OF S. AFRICA

I have over the past two years been able to view South Africa from a distance.

A country divided

I seemed to see a country divided into compartments, each having its own Churches, Schools, Universities, Clubs, Societies, and even, in the sphere of mass media of communication, its own newspapers, films, and radio programmes. In this way the people were able to nurture their stereotyped views of each other; to protect themselves from what was not 'their line'; even to preach that inter-communication may be a sin! And worse, each Christian section, accustomed to thinking of itself more as a whole than as a part, was busy justifying itself to itself and to any who would care to hear, though few did, except to criticise.

One group said they tried to some extent to express what they thought to be Christian love and concern towards those in a different coloured compartment, but a third group looked on and thought that that love was hypocritical because, for one thing, it wasn't extended to them too, and Christian love should not be only one-sided. Then being accused of self love, this third section said it was better to be sincere than false, and even Jesus had worked first amongst his own people and provided for their needs. To neglect your own would not be right.

In another compartment, people were justifying their growing apostasy from their former allegiance to Christ, by saying that they were tired of being regarded as second-class Christians, although expected to show greater love to those in the other compartments than they — the two main white groups — were prepared to show to each other.

There was yet another small cell though, feeling too recent and keen a smart, to talk and cry out as the others did. They had once half believed they were loved. So they were the more deceived when they found that they too had been judged on their indelible caste. At least Jesus had been rejected for what he stood for as a person, but there is a hopelessness about being rejected no matter what sort of person one is — as if one's person were immaterial. I can't matter only to myself. I matter to myself only in-

sofar as I matter to you. This is relationship and the Bible is all about relationship — of God to me and you, and of me to you, and you to me. We are all one family really, but we live in separate homes. It's bewildering!

It is virtually impossible to view one's own land dispassionately. One can't escape the love of it, the concern for it, and the desire to work always in hope of the best for it. As Jesus is our hope if we are Christians, our work, whatever it is, will not be without reference to Him.

Spiritual reserves

I have recently arrived home and have felt most encouraged by a new realisation of depth in our South African situation — an awareness of the existence of spiritual reserves, like the reserves of a Karoo bush which suffers long periods of drought, yet which pushes its roots ever deeper in search of spring water — and finds it!

In the past we honoured leaders whose physical endurance, courage and indomitableness of spirit made them press forward fearlessly to the unknown. These men would not have got far had they chosen to stay in the laager. They ventured courageously into every part of the land, having their Bibles with them as their mainstay. We are proud of this heritage, but should this remain only a heritage?

To-day we may follow the leaders of another trek — one which is a test of mental and spiritual, more than of physical adaptation and endurance — and we ourselves will not know whether later generations will call it "great", or whether it will be as decisive in our history as the first Great Trek. We can only answer the call to trek out of our laager security into a perhaps turbulent future, following the word of God. Our forefathers had only God to trust. They learned to live moment by moment. And to live increasingly in the present is to live increasingly in the light of eternity, which is reality, honouring God's name: 'I am that I am'. He is, from the beginning, a present God.

We may remember the great Old Testament prophetic practice of recollection and expectation that gave significance to their present. But by the

time of Christ the Jews had changed from the spontaneity of prophetic living and had reduced their life to the following of a code of rules designed to keep them religiously and racially pure. Thus they lost their election for they could not recognise the truth and life in Jesus. They had learned to judge only by a code. They saw that His love was indiscriminate and that he did not honour the old ways, so they rejected Him. "It was expedient that one man should die for the people that the whole nation perish not —. Then from that day forth they took counsel together for to put Him to death".

The ground of hope

At this time of the year we remember that Jesus "set his face to go towards Jerusalem". This way to the Cross meant for Him the breaking of lesser allegiances, the disappointing of many, and then apparent personal defeat. But He said to His disciples "Remember the word that I have said unto you, the servant is not greater than his lord". I quote Dr. E. Brooke's words: "What is invincible in love is not that it gets its own way, but that it keeps on loving. This is the power of love in the face of man's freedom to do wrong; it is the victory of the Cross". Our charge is not that we should be successful but that we should be faithful. Our faith is in the Resurrection of Christ, the King, whose victory has already been won.

This then is the ground of my hope. Men in their heart of hearts know what truth is and they know what love is — even though they may know it only when they see it. These things may become obscured for a time; they may become a matter of persuasion and not of joyful recognition — but they can never be destroyed, for each time there are found men to understand a situation and fearlessly to interpret the way of God in it, so truth and love will live on, but only in the hearts of those who recognise them, and who are we to say who may or may not recognise these Christian values? Could Caiaphas have guessed it would be the Romans? Could those Romans have guessed it could be the Vandals and 'Goths'? — but St. Augustine did, and the Church went out to meet those Barbarians.

^o From "Power, Law, Right and Love" p.46

^a Miss Evelyn Miller, belonging to the Church of the Province, is at present teaching in the Cape Peninsula.

Die kerk in Afrika. WAT HET VERKEERD GEGAAN?

So vroeg as 1808, skaars twee jaar na die oorname van die Kaap deur die Britse bewind, is die kerkgebou van die gemeente Kaapstad deur die Kerkraad op versoek van die Anglikaanse Kerk oopgestel vir dienste deur die Anglikaanse Kerk. Hierdie dienste is aanvanklik vir die Engelse amptenare en besettingsmagte gehou, en het gewoonlik Sondagmiddag om sesuur begin. Verder is elke Dinsdag en Saterdag twee uur lank in die konsistorie klasse vir die opvoeding van Engelse kinders in die Anglikaanse kerkleer waargeneem.

Reeds gedurende April 1806, skaars drie maande na die oorname deur die Britse bewind, is ds. Fleck van Kaapstad deur Engelssprekendes van die garnisoen genader om die doop aan hul pasgebore kinders te bedien en het die kerkraad geredelik toestemming verleen. In 1813 het eerw. Robert Jones skriftelik om sekere geriewe vir die Engelse dienste aansoek gedoen; toestemming is gevra om 'n draagbare preekstoel tydens dienste in die Kerk te gebruik; die inrigting van een van die syvertreke as 'n doopvertrek is verlang; daar is gevra dat die kerkklok gelui moes word wanneer die Engelse dienste begin; die aanbring van 'n deur na Burolaan sou ook waardeer word.

'n Goeie onderlinge verhouding moes geheers het, te oordeel na die warme bedankingsbrief van biskop S. James, van Kalkutta, die eerste Episkopale biskop wat Suid-Afrika ooit besoek het, wat hy op 24 Oktober 1827 aan ds. A. Faure gerig het. Dit het gebeur na aanleiding van 'n diens wat biskop James in die Kaapstadse kerk waargeneem het en waartydens lidmate van sy kerk belydenis van geloof afgê het.

„Die Voorligter“, Februarie 1964. Uittreksel uit „Engelse Eredienste in ons Kerk“ deur ds. A. J. B. Raulins.

AANTAL LIDMATE — NIKS OM OOR TE KRAAI!

In 'n onlangse Nuusbief van die N.G. Kerk word die volgende syfers verstrek betreffende die lidmate van die Kerke in Suid-Afrika vir 1960.

Kerkgenoot.	Blan- Kleur- Ban- Inskappe kes linge toes diërs			
Ned. Gerof. Kerk	42.9	29.3		
Ned. Herv. Kerk	6.2	0.2	5.1	0.1
Gereformeerde Kerk	3.3	0.5		
Anglikaanse Kerke	12.6	17.8	6.9	1.0
Metodiste Kerk	8.7	7.8	12.0	0.4
Presbiteriaanse Kerk	3.6	0.5	1.9	0.1
Rooms Katolieke Kerk	6.2	8.0	7.0	2.2
Congregational Kerk	0.5	9.1	1.2	
Lutherse Kerk	1.1	4.9	4.9	
Apostoliese Kerk	3.4	4.6	2.8	0.2
Ander Christelike kerke	5.4	8.8	4.7	3.3
Joodse Geloof	3.8			
Islam		6.2		20.6
Bantoe Kerke				20.1
Hindoe				65.1
Ander en ongespesifiseer	2.3	2.3	33.4	7.0

100 100 100 100

Uit 'n vergelyking met die syfers vir die jaar 1951 blyk die volgende: Tot die N.G. Kerk behoort die grootste aantal blankes en Kleurlinge; die persentasie vir die blankes het gestyg van 42 tot 42.9. Die aantal lidmate van die Ned. Hervormde en van die Gereformeerde Kerk het verminder, respektiewelik van 7 tot 6.2% en van 4.2 tot 3.3%. Die aantal blanke lidmate van die Katolieke Kerk het gestyg van 5.3 tot 6.2%.

Daar moet op gelet word dat hierdie getalle gebaseer is op 'n volkstelling deur die Regering onderneem en hulle stem, soos gewoonlik, nie ooreen met die Kerk se amptelike syfers nie. In die geval van die N.G. en die R.K. Kerk is die persentasies van die regeringstelling hoër.

Wat die Bantoe betref, hul eie Kerke het die grootste aanhang, gevolg deur die Metodistekerk (12%). Onder die Asiate het die Hindoekerk en die Islam verreweg die grootste aanhang (85.7%). Uit die syfers kan ook afgelei word dat ongeveer een derde van die Bantoes nog heidens is.

„Die Brug“, Februarie 1964.

clear thinking

cide whether racial grouping will be national policy! This is nothing but dictatorship dressed up — rather inadequately — to look like democracy.

If the people of South Africa were overwhelmingly in favour of partitioning the country into Whitestans, Blackstans and Colouredstans, there could be little objection to this policy, providing that minorities were protected and the whole scheme was carried out in a reasonably fair and just manner.

But there is not the slightest intention of consulting the people about it, because it is known that the majority of South Africans may not desire such partition.

The results of the voting for representatives in the Transkei Parliament recently suggests that many Africans do not want it.

'Compulsory Apartheid' isn't 'Traditional Segregation'

Secondly, the policy of apartheid, as distinct from South Africa's traditional segregation policy, requires

rigid and ruthless enforcement even upon those who have no desire to remain separate.

We have no essential quarrel with those who wish to separate themselves from their fellow-South Africans of different racial origin, as many do. Let them be free to follow their own conscience in the matter.

But to bring compulsion to bear against those who believe that it is their duty to stand together irrespective of racial differences, as many genuinely do from Christian motives, is both unjust and at complete variance with that freedom which is the right of all men in civilised society.

Racial differences not all-important

Thirdly, it is essentially wrong deliberately to blind oneself to the many other differences in development between people — of education, culture, civilised standards, religion and political awareness — and to base policy on one difference only, that of race, as if it were all-important.

It is, of course, nothing of the kind.

Complete racial exclusiveness is an essential part of the doctrine of apartheid. This is illustrated by the fact that no African, whatever his fitness for the franchise, can vote for the government of his country. No European over 18 years of age, however ill-equipped to use the vote, can lose it except under very special circumstances.

If this is just and right and Christian, then words have lost their meaning.

Dr Whelan has presented an excellent case for voluntary, self-chosen segregation, but that is not the point at issue. He has not really dealt with the Christian attitude to apartheid.

Christians of all denominations would welcome a further statement from him on this crucial issue.

^{*} Rev. S. P. Freedland is a minister of the Methodist Church in Pretoria.

In Noord-Rhodesië is die slag gelewer. En die res van Afrika is alreeds swart gekleur. Al wat oorbly is Suid-Rhodesië en Suid-Afrika.

In Suid-Afrika is 'n kragtige regering met 'n sterk en welomlynde beleid aan die bewind, en ons hoop en vertrou en glo dat dit 'n oplossing sal bied.

Maar wat van Suid-Rhodesië? Hierdie skrywe is nie 'n pessimistiese kreet vanaf 'n sinkende skip nie maar dit bedoel om die leser enigszins 'n indruk te gee van die rasseproblematiek in S.R. Ons het hier met 'n situasie enig in sy soort in Afrika en ek dink in die hele wêreld te doen, en daarom is die angstaanjende vraag: Is hier 'n oplossing? En wat is dit? (Die onafhanklikheidsvraagstuk is van minder belang en behoort weldra opgelos te wees).

Daarom gaan ons 'n paar moontlikhede oorweeg en terselfdertyd ook wys op die groot probleme daaraan verbonde.

1.) Integrasie oorweeg

Dit is 'n moontlikheid dat al die rasse bymekaarkom en besluit om saam te smelt om so een kragtige nasie op te bou — soos met die wording van ons eie Afrikaanse volk gebeur het. „Rassevermenging as sodanig is nie sonde nie“. „Op grond van Gods Woord moet onderskei word tussen uitwissing van grense as beginsel en 'n vermenging waardeur nuwe vorme ontstaan“. „Vermenging is sonde as daardeur die Christelike of histories-waardevolle kultuur bedreig word“. So het die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1961 besluit, en so is dit min of meer deur die Geref. Ekum. Sinode van 1962 bevestig. En iewers skryf prof. Wurth: „Dieselfde geld ook met betrekking tot nasionale en rasseverskille. Ook dit hoef nie altyd op sigself 'n rede te wees om nie met mekaar te trou nie. Maar dat dit 'n bron van heelwat moeilikhede kan wees en dat dit heelwat liefde sal eis om dit te oorwin, sal wel niemand ontken nie“.

In die oog van die wêreld is dit die enigste oplossing. Dink aan die standpunte van die Roomse Kerk, die Wêreldraad van Kerke, die Christelike Instituut, die Engelse Kerke. En, op staatkundige gebied let ons op die V.V.O. en die toestand in die V.S.A.

Ons sien so dat so 'n standpunt

Suid-Rhodesië op die tweesprong

DS. J. H. VAN WYK*

prinsipiële t.o.v. S.R. nie te verantwoord is nie — al geld dit nie in dieselfde sin van die Rhodesiese volk dat dit christelik is soos die Suid-Afrikaanse nie, nogtans kom die histories-waardevolle kultuur in gevaar. Verder is die vraag, gesien ook teen die agtergrond van die huidige wêreldsituasie (dink o.a. aan die V.S.A., Ciprus, Indonesië) of so 'n beleid realisties is. Allereers wil die naturel in S.R. nie IETS hê nie maar ALLES. Sy broers in die res van Afrika het dan alles verkry! Daarom sal hulle nie rus voordat hulle die regering hier oorneem en verder voordat al of die meeste blankes hier verdwyn het nie, omdat hulle hier 'n sterk groep vorm (1958 statistiek: 2,590,000 Bantoe teenoor 211,000 blankes; verhouding 12:1). En sal die witman gesien die groot getalle, bereid wees om hier te verdwyn? Verder val dit hoogs te betwyfel of die blankes tevrede gaan wees om onder 'n swart regering te staan, met geïntegreerde skole, hospitale ens. U voel hoe groot die spanning hier oplaai.

2.) Segregasie oorweeg

Prinsipiële lyk dit die enigste oplossing. Maar hoe staan sake in die praktyk? Ons wys hier op 'n paar probleme. Die getalsverhouding tussen blank en nie-blank vergelyk swak met dié in S.A. Die probleem is dat hier enersyds te veel blankes is (om weg te trek) en andersyds ook weer te min (om die situasie hier na behore te behartig). Kan die blankes eiesoortige ontwikkeling hier na wense toepas? Verder is hier nie, soos wel in S.A., eie, aparte, natuurlike naturelle-tuislande nie; die nie-blanke is versprei oor die hele gebied met hier en daar (natuurlike?) naturelle-reservate.

Voorts is 'n baie belangrike en bepalende faktor dit dat die geïntegreerde situasie al haas te ver gevorder het. Sal dit weer moontlik wees om terug te draai? Voeg hierby dat die tabakboerdery, wat seker die vernamste boerdery van S.R. is, net nie sonder naturelle-arbeid en somer baie daarby, kan klaarkom nie. 'n Eiesoortigheidsbeleid herberg die gevaar van verlamming van die landse ekonomie. (Vergelyk ook dat na bewering

een-derde van die boere Afrikaners is, mense wat nie somer maklik sal versit nie). Ook hier weer is die probleem: nie met nie maar ook nie sonder die naturel nie! Ons kan ook nog noem die mening van al die Engelse kerke hier te lande, wat sekerlik 'n beleid van eiesoortigheids hand en tand sal beveg. Eienaardig egter, dat die Engelse burger ook hier sy standpunt stadig maar seker begin wysig. As voorbeeld kan genoem word die 1962-verkieping, al het die mense nog nie presies en positief geweet waarom hulle gestem het nie, solank as dit maar net teen naturelle-oorheersing was! Ons het reeds daarop gewys, maar wil dit hier ook weer noem: in N.R. het die naturel alles, en somer maklik ook, verkry. Sal hulle in S.R. tevrede wees met iets, met 'n deel van die land? En les bes is dit nog die vraag of die witman bereid sal wees om die offers te bring wat so 'n verskuiving ten gevolg sal hê, afgesien nog van die vraag of so 'n verskuiving moontlik is en of die naturel bereid sal wees om hom te laat verskuif.

Vanuit menslike oogpunt lyk die posisie dus uiters, uiters gekompliseerd.

3.) Groepsgebiede

Die bedoeling sou dan wees dat hier drie gebiede geproklameer word: waar slegs blankes woon, waar slegs nie-blankes woon en waar die mense deurmeekaar woon. Dan het elkeen tog ten minste vrye keuse om te doen wat goed is in sy oë! Is dit die rigting waarin die Field-regering die oplossing soek of gaan soek? Die probleem is dat mens op die oomblik geen duidelik omlýnde rassebeleid in S.R. het nie! Ook dit lyk onrealisties, want, as die bedoeling dan sou wees om bv. één Parlement daarop na te hou, moet dit ten slotte tog uitloop op Bantoe-oorheersing. Uiteindelik herberg ook dié rigting die kiem van verrotting in homself omdat dit tog niks anders is as die verdoemde „apartheidsbeleid“ nie: daar word tog tussen swart en wit skeiding gemaak!

Daar bly nog drie ander moontlikhede oor: Gedurig blanke voorgedynskap (hieroor hoef ons seker niks te sê nie,

omdat dit beginselloos en onprakties is). Verder dat die blankes net eenvoudig sal moet wegtrek soos in die res van Afrika gebeur het (sal 211,000, of die meeste daarvan bereid wees — veral gesien dat die „vastigheid“, S.A., net oor die bult is?). En ten slotte natuurlik 'n oorlog waar die een oorwin en die ander ondergaan, of albei verloor?

Die mense in S.R. worstel om 'n oplossing te vind. Baie, en daarvoor is ons dankbaar, worstel gelowig. Maar alle Godsvertroue moet gepaard gaan met menslike verantwoordelikeheid. Dit is waar, soms red die Here teen alle verwagting in en selfs teen alle realisme in (dink maar o.a. aan Israel by die Rooi See, en Elisa in Dotan); soms geskied die redding langs die weg van meismenslike medewerking.

Ons mag wel aanvaar dat God vandag nog soms op besondere wyse red — al wil ons dit geensins op een lyn stel met die wondertyd van die Skrif nie maar méns weet tog nooit watter weg die Here in 'n bepaalde geval gaan beskik nie. Daarom kan en mag ons nie maar passief bly sit en wag om 'n skielike ingryping van Bo nie, maar ons moet met die nodige geloofsrealisme ons huidige taak en roeping tot die laaste druppel volvoer.

Verder is daar niks meer oor as om te bely nie: Sy wil geskied en: Sy wil is goed! „Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!“ Per slot van rekening is ons almal op aarde net bywoners, en ons burgerskap is in die hemele (Filipp. 3:20).

Agteraf mag ons onself wel ernstig die vraag afvra of die gerig nie juis oor ons voltrek is omdat ons nie ons goddelike taak en roeping, op kerklike, staatkundige en maatskaplike gebied, na behore in hierdie land vervul het nie — dink aan die sewe gemeentes van Openb. 2 en 3? Of dit geskied het ter loutering, of om ander redes?

Intussen bly ons met geloofsrealisme worstelend besig om 'n oplossing. Daarom is die beklemmende vraag: is daar 'n oplossing? Inskakel by S.A.? Sal dit die inherente rasse-situasie oplos en die spanning verlig? Moet die blankes nie maar versit suidwaarts? Oorlog?

Suid-Rhodesië, Quo vadis?

* *Dr. J. H. van Wyk is die predikant van die Gereformeerde gemeente Salisbury. Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in „Die Kerkblad“ van die 18de en 25ste Maart 1964.*

TWEDE OPFRISSINGSKURSUS VIR LERAARS

DS. A. DE VRIES*

'N DIEPGEVOELDE BEHOEFTE

Hierdie kursus is deur vyf en dertig leraars van elf verskillende kerkgenootskappe bygewoon, maar slegs deur twee Kleurlingleraars en een Bantoe-leraar van die N.G. Sendingkerk.

Wilgerspruit is, terloops, 'n besondere geskikte plek vir so 'n studiekursus. Dit is afgesonderd en gevolglik rustig en stil, maar terselfdertyd is dit naby die groot stadsgebied geleë.

Die reëlings vir die kursus is getref deur die onvermoeibare eresekretaris van die S.A. Advieskomitee vir Opfrissingskursusse, mnr. F. J. van Wyk van Johannesburg, en die sukses van die kursus moet in 'n groot mate aan die uitstekende organisasiewerk toegeskrif word.

Daar was drie dosente, naamlik ds. W. J. C. Cilliers, eerw. dr. Basil Holt en mej. W. Munro. Hulle het onderskeidelik lesings gegee oor die Koninkryk van God in die Nuwe Testament, die Kerk in die wêreld en die Opvoedkundige taak van die Kerk. Eerw. Holt en mej. Munro het die meeste van die tyd by Wilgerspruit ingewoon. Dit was 'n baie verdienstelike reëling want die deelnemers kon hulle te alle tye nader met vrage en probleme en moeilikhede.

Nie vyandige vrage nie

Dat hierdie soort samekomstige wat as uitvloei van die ekumeniese beweging gesien moet word, gekom het

om te bly, het vir my baie duidelik geword. Hulle voorsien in 'n diepgevoelde behoefte, naamlik om evangeliedienaars van so baie verskillende kerke in staat te stel om bymekaar te kom, saam te woon, mekaar te leer ken en ook mekaar se kerke en vraagstukke beter te leer ken en verstaan.

As ek daaraan dink hoe die twee Kleurlingleraars van die N.G. Sendingkerk toegesak is met vrage oor hul kerk, nie vyandige vrage nie maar vrage oor meer kennis en inligting, dan is ek innig jammer dat daar so min manne van ons kerk was. Na aanleiding hiervan het die vraag by my ontstaan of dit nie moontlik is dat ons eie kerk soortgelyke kort kursusse kan reël nie, al sou hulle dan net vir 'n naweek duur en slegs op 'n Ringsbasis gehou word. Die waarde van so 'n byeenkoms waar daar saam verkeer, saam gebid en saam gestudeer word, kan nie oorskat word nie. Ek glo dit word allerweë beseef want daar is reeds 'n begin gemaak in ons kerk, maar die pogings was tot dusver maar sporadies. By party kerke word hierdie „retreats“ al baie meer algemeen.

Die Kerk in die wêreld

Wat die lesings by Wilgerspruit self betref, kan ek, vir sover dit my persoonlik geraak het, getuig dat hulle tot groot seën was. Die onderwerpe was almal baie aktueel en lewendige be-

spreking is uitgelok. Alles het daartoe gelei dat baie van die deelnemers besluit het om die kennis wat verkry is in hul eie gemeentes te gaan toepas. Dr. Holt se lesings oor „Die Kerk in die wêreld“ was van besondere groot waarde. Hier kon die manne gevoed word uit die rype kennis en Godsvrug van hierdie toegewyde dienskneg van die Meester. Dr. Holt het veel gereis in oorsese lande en kon dus sy lesings ophelder met sy kennis van ander lande. Tydens sy lesings moes ons twee N.G. manne alles inspan om vrage in Engels oor ons kerk te beantwoord. Die lesings van mej. Munro oor die opvoedkundige taak van die Kerk was insiggewend en dit is veral hier waar baie van die deelnemers besluit het om die tegnieke wat sy verduidelik het in hul gemeentes te gaan toepas. Ds. Cilliers se lesings oor die Koninkryk van God in die Nuwe Testament was ook baie vrugbaar.

Die aandlesings wat deur verskillende persone gelei is, het 'n baie groot terrein gedek. Die N.G. manne onder hulle, ds. Chris Greyling, ds. Charl le Roux en ds. F. S. Malan, kon oor hulle eie arbeidsvelde spreek: Islam, Hindoeïsme en die sogenaamde separatistiese kerke. Besonder leerzaam was die lesing van mnr. J. C. M. Mbata oor „Die Kerk en die Intelligentsia“. 'n Mens is tydens sy lesing byvoorbeeld diep getref deur 'n sinnetjie soos: „Intellectuals feel that the Church is much too pre-occupied with sin and less concerned with the good that men do“.

WILGERSPRUIT, 5 — 27 Februarie 1964.

Ds. A. L. Mncube, 'n Metodis en Algemene Sekretaris van die „Interdenominational African Ministers' Association of South Africa“ (IDAMASA), het ds. F. S. Malan bygestaan in die bespreking oor die separatistiese, of, soos hulle vandag genoem word, die „independente“ kerke. Vir my was dit 'n openbaring om van ds. Mncube te verneem van die metodes wat aangewend word om hierdie kerke te be- arbei en die sukses wat reeds bereik is.

Ons is ook besondere dank verskuldig aan mnr. B. Stegmann en Chris Fourie wat van Bloemfontein oorgekom het om vir ons van MEMA se werksaamhede te vertel. 'n lesing daaroor te gee, toegelig met 'n demonstrasie van al die beskikbare audio-visuele hulpmiddels in evangelisasie.

'n Beroep

Ten slotte wil ek 'n beroep op die manne van ons kerk, maar ook op dié van ander kerke doen, veral manne uit Wes-Kaapland, om hierdie kursusse by te woon. Vir die deelnemers is hulle feitlik kosteloos. In die vervolgt sal daar 'n klein registrasiefootjie gehou word maar dit weeg hoegenaamd nie op teen die voordeel wat daar uit die kursusse geput kan word nie. Ek is diep dankbaar vir die groot voorreg om die kursus by Wilgerspruit te kon bywoon.

* *Dr. De Vries is leraar van die N.G. Sendinggemeente, Saron, Wes-Kaapland.*

DIE KERK BUITE SUID-AFRIKA

— B. B. KEET

ROME EN DIE REFORMASIE

By ons Afrikaans-sprekende kerke is daar nog altyd 'n groot onwilligheid om enige tekens van verandering by die Rooms-katolisisme as eg te beskou. Dit kan alleen toegeskryf word aan onbekendheid met gedagte-wisseling wat gedurende die laaste vyftig jaar onder teoloë van Roomse en Protestantse oortuiging plaasgevind het en voortgaan om plaas te vind, 'n toenadering wat ook op gemeentelike vlak deurwerk en in meer as een opsig samewerking in sake van algemeen christelike aard ten gevolge het.

Van onverdag Gereformeerde kant dra ons tans kennis van 'n verslag gelewer deur Prof. Herman Ridderbos van die Teologiese Skool te Kampen, Nederland wat 'n ander geluid laat hoor as die bloot negatiewe reaksie wat soveel van ons polemieke teen Rome kenmerk. In sy bevinding oor die gesprek tussen Rome en die Reformasie kom hy tot die gevolgtrekking dat Rooms-katolieke en Gereformeerde eksegete dikwels mekaar vind — die groot verskil lê in die leer van die kerk (ekklesiologie). Wat wel te begrype is, want as Rome sy beskouing oor die Kerk en die Pousdom prysgee, sou hy ophou om Rooms te wees.

Intussen is dit van belang om die verslag van Prof. Ridderbos nader te betrag. Dit verskyn in die Oktober-nummer van *Libertas ex Veritate*. Hy skryf: „Daar is 'n ontplooiing van Bybelwetenskap en Bybelse Teologie wat die Rooms-katolieke eksegete ver op die voorgrond bring. Hulle beskik oor 'n skoling en 'n reservoir van kragte wat geen weerga het nie. Die Protestantisme, al tans in Nederland, kan uit vak-tegniese oogpunt nouliks daarmee vergelyk word. Dink maar aan die kloosters en die orde-geleerdes; hulle werk in die Nu-Testamentiese wetenskap is van groot betekenis, waarvan ons ook as Gereformeerdes dankbaar en veelvuldig gebruik maak.”

Die vraag vir Prof. Ridderbos is egter of die offisiële Rooms-katolieke Kerk hom deur die Bybel in sy leer laat lei. Met Rooms-katolieke eksegete kan hy lank praat voordat hy merk dat hulle Rooms is, en die skeidslyne tussen Roomse en Protestantse duidelik word, en dan met eens as die ekklesiologie (leer van die kerk) geraak word, sien jy weer die harde agtergronde van verskil wat ten slotte tog ook weer vir die

eksegete bepalend is. Hy vervolgdan: „So het ek Rooms-katolieke eksegete leer ken en ook veel van hulle geleer . . . ek het verder op versoek eenmaal 'n lesing in Nijmegen gegee voor studente van verskillende fakulteite oor die regverdigmaking by Paulus. En dan het dit my opgeval hoe ons saam met die Grieks van die Nuwe Testament in ons hand, met mekaar kan praat oor die Bybel, hoe ons mekaar begryp het rondom die Bybel. So 'n ervaring gee moed vir die toekoms en daarom staan ek ook in hierdie tyd positief teenoor Rome.”

Teenoor die kerklike ontwikkeling neem Prof. Ridderbos 'n nugtere standpunt in. Daar het niks beslissends gebeur ten opsigte van die eenheidsbeweging nie. Hoofbeswaar teen Rome is die absolute betekenis van hulle leergesag en die vereenselwiging van die Kerk met Christus. Dit bring mee dat die Rooms-katolieke leergesag dié is van absolute orde en hierdie orde is een van die grootste hindernisse, hoe hoopvol die ontwikkeling van die Rooms-katolieke Bybelverwantskap ook mag wees. Dit is nie te voorsien dat Rome hierdie absolute standpunt sou prysgee nie. Pous en Konsilie handhaaf dit konstant.

Eindelik waarsku hy sy geesverwante. Gereformeerdes, sê hy, kan beslis iets van Rome leer: „oorbodige afgeskeidenheid (van die wêreld) doen nou meer as ooit afbreuk aan die groot antitese (teenstelling). Rooms-katolieke begryp dit heel goed. Hulle sien die groot wêreld en stel die vraag: hoe moet ons die wêreld as geheel benader? Hierdie naging sien ek te weinig by ons. Daar is by ons te veel eiegeregtigheid en ons staan te veel op onself.”

Van die situasie in Gereformeerde kringe sê hy: „Uit die hernude besinning op die Bybel word tans verskillende dogmatiese skemas en ka-

ders sterk gekritiseer; ook Kuyper en Bavinck val onder hierdie kritiek. Natuurlik gee dit onrus omdat teenswoordig alles anders gesê word. Hierin lê iets goeds, want die Gereformeerde dogmatiek was, glo ek, aan vernuwing toe.”

Die Rooms-katolisisme slaag daar beter in om nuwe vorms en lewenstyle te skep. By die Gereformeerdes, word helaas, weinig krag waargeneem om tot 'n nuwe, bewuste, reformatoriese lewenstyl te kom. Daar is by ons, sê hy, aan die een kant veel gejammer en aan die ander kant veel onverskilligheid. Wat dit betref is hy soms jaloers op die Rooms-katolieke; daár is duidelike aanduidinge aanwesig vir 'n nuwe lewenstyl. Ons jammer te veel oor wat ons kwyt raak en ander in ons kring bekritiseer eindeloos die resente verlede. Van Gereformeerde akademieci verwag hy meer erns en minder verwerping van verpligting. „Wat ons nodig het is 'n nuwe vormgewing van die bewuste gereformeerde lewe, want ons is nie klaar met die blote verwerping van die ou rolle nie. Ek is nie soseer verontrus oor die gereformeerde wetenskaplike beoefening nie as oor die gereformeerde lewenstyl.”

Op die vraag wat daarteen gedoen kan word, is sy antwoord: „In elk geval moet ons ingrypend kennis neem van wat ander mense is, ook bv. binne die Rooms-katolieke wêreld, want onkunde verswak altyd.”

PRO VERITATE

Verskyn elke 15de van die maand.

Korrespondensie en Administrasie:

Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Posbus 487, Johannesburg.

Redaksionele Bestuur:

Dr. B. Engelbrecht,
Ds. A. W. Habelgaarn,
Ds. F. E. Mahabane,
Ds. A. L. Mncube,
Ds. J. E. Moulder,
Mnr. J. Oglethorpe,
Ds. R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms.

Eindredakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate:
R1 per jaar vooruitbetaalbaar.
Oorsee: R1.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate” (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

Gedruk deur Prompt Drukkers Maatskappy (Edms.) Bpk., Harrisstraat 11, Westgate, Johannesburg.

Die boodskap van Toronto aan die kerk

Die Toronto konferensie stuur die volgende boodskap aan alle Anglikane oor die hele wêreld:

Die Kerk wat slegs in haarself lewe sal in haarself sterf.

Dit was die waarskuwing van die Aartsbiskop van Kantelberg aan die Kongres en ons het dit ter harte geneem. Want God het ons deur sy Heilige Gees beweeg om ernstig na te dink oor ons roeping as Christene. Selfsugtigheid moet uitgewis word.

(1) God het ons opgeroep tot 'n Dienende Kerk.

Hy het ons verlos in Jesus Christus, die seun van God wat na ons toe gekom het as 'n dienskneg.

Ons is vasbeslote om te bepaal hoe ons ten beste ons naaste, buite die mure van ons Kerk, en ons medemens van ander volkere en kontinente, kan dien.

Ons dank God dat hy ons 'n wêreldwye en veerlassige gemeenskap gemaak het sodat die rykdom en talente van die een Kerk die gebrek van die ander kan aanvul.

Wees Mededeelsaam

Almal ontvang van God en dit is die plig van elkeen om met sy naaste te deel.

Ons kan nie langer die toestand duld van sommige Kerke wat alleen gee en ander Kerke wat net ontvang nie. Ons bede is dat ons gemeentes mag leer om werkkragte, geld en nuwe idees met ware en innige Christelike liefde te gee en te ontvang.

Dit is ons oortuiging dat ons gemeenskap nuwe weë moet vind om die provinsies en nasies wat dringende behoefte aan geestelike en materiële hulp het te ondersteun. Sommige van ons Kerke spartel om te bestaan en ander staan voor ernstige bedreiging; niemand kan die uitdaging van die

Here alleen aandruf nie; en dit bring ons eie uitgawes onder die soeklig. Dit is wat Christelike liefde in die praktyk behels. Ons is byvoorbeeld daaraan herinner dat 'n nuwe orrel in 'n stedelike kerk kan veroorsaak dat twaalf minder priesters in Asië of Latyns Amerika opgelei word.

Ons verwelkom die plan, wat ons kerkleiers onder die hoof „Onderlinge Verantwoordelike Samehorige Afhanklikheid in die Liggaam van Christus” vir ernstige oorweging aan ons voorgelê het.

2) GOD het ons geroep om 'n Luisterende Kerk te wees.

Ons het weereens in Toronto tot die besef gekom dat Anglikane net soos ander mense geen alleenreg op die Waarheid van God het nie. Ons moet met groter aandag luister na sy bevel. Hy spreek tot ons deur sy Woord, deur gebed en sakrament. Hy spreek deur mense van ander gelowe en deur diegene betrokke in wêreldsaak of hulle Hom nou al erken of nie.

3) God het ons saamgeroep tot Een Kerk.

Anglikane kan nie afgesonderd van ander Christene lewe nie. Sommige van ons Bisdomme berei hulle nou voor om 'n eenheid te vorm met ander Kerke. In hierdie nuwe lewe sal ons trag om ons ondersteuning en broederskap aan hulle te gee. En dit is ons voorneme om voortaan in nouer voeling met ons mede-Christene van ander Gemeenskappe saam te werk — tuis en deur die wêreld.

RASSE EENHEID

4) God het ons almal opgeroep om die

Eenheid van die Menslike Ras te Bevestig.

Segregasie en enige ander vorm van diskriminasie is sonde. Ons spreek ons diepe verontrusting en medelye uit met al diegene wat ly as gevolg van hulle ras, kleur of geloof.

Ons belooft ons aktiewe hulp aan almal wat in verskillende dele van die wêreld vir Christus getuig deur hulle heldhaftige weerstand teen diskriminasie en segregasie. Ons staan beskaamd dat die rassieslagboom nog aan die lewe van die Kerk bly vaskleef.

5) God het ons almal geroep — Priesters sowel as Lidmate.

Die absolute belangrikheid van 'n vennootskap tussen die Priesters en die Lidmate het herhaaldelik gedurende die Kongres tot ons besef deurgedring en ons leke-afgevaardigdes het dringend gevra om meer doeltreffende opleiding.

Ons Anglikaanse lidmate wil hulle geloof verstaan. Hulle wil weet hoe dit in hulle alledaagse werk en ontspanningsure van toepassing is sodat hulle vir Christus kan getuig.

God roep nou op sommige van ons Kerke tot nuwe geleenthede vir uitbreiding. Hy roep op ander vir geduldige gelowigheid, ander weer na 'n nuwe soort eenheid en nog ander om verdeling en vervolging te verduur.

Die boodskap van die Kruis is dat dit alles seënninge en laste is wat in liefde gedeel moet word. Ons verlang hartstogtelik daarna dat Hy sy wil met ons sal uitvoer.

„Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.” (1 Thess. 5 : 24).

Die Krag van die Here Jesus Christus sy met u.

— Uit „Seek”, Jan. 1964.

DIE KERK IN SUID-AFRIKA “FELLOWSHIP OF ALL RACES”

What seemed a vague and almost vain hope two years ago is now a reality. We meet for worship and study of the Bible in one another's homes. It was in private homes that much of the early Church began and it is the home that expresses the reality of how much we accept one another. It helps us to know that we are one family in God.

Nine services have so far been held. The average attendance is 12 of the 42 different individuals whom we can name as having been present 14 are European, 13 Coloured, 11 African and 4 Indian.

Two other ‘fellowships’ have also come to reality at North End, the Women's Fellowship and the Youth Fellowship.

The Women's Fellowship . . . there will be 17 members at the outset, five African, eight Coloured and four European . . . is probably a unique group not only in the Church but in any sphere in the Republic. They have found it so easy and so interesting to meet each other month by month that they wonder why it should be so “extra-ordinary”.

They have found that women's interests are the same whatever the race. As knowledge of one another's work and problems grows so does mutual respect, interest and affection also develop.

The Youth Fellowship is the “old-est” of our organisations. It has been going steady for 18 months, and a small group of young people have learned to understand one another. When they have a games evening the fun is so natural that apartheid seems just like a bad dream one had ten years ago. When they hold a debate one gets a good idea of what other races are thinking, the problems they are having to face, or what they are enjoying.

A step planned for the near future is the production of a door sign showing the crest of the congregation and the words:

Welcome in the Name of Christ
Namkelekile egamini lika Krestu
Welkom in die Naam van Christus.

This will be a sign that the house thus marked is open to people of all races for Christ's sake. They will be presented to those wishing to display them either at a home service held at their homes or in a similar short dedication ceremony.

“And they devoted themselves to the apostle's teaching and fellowship, to the breaking of bread and the prayers” (Acts 2 : 42). Fellowship is part of the very nature of the Church. The less limited it is by artificial barriers the more enriching is the experience of it.

— „The Presbyterian Leader”, January 1964.

PUBLIKASIES VIR BESTELLING

Die volgende publikasies kan van ons kantore bestel word:

My Beslissing: Drie preke van ds. C. F. B. Naudé (by geleentheid van sy beëindiging van sy besluit oor die Direkteurskap, sy afskeidspreke aan sy gemeente en sy intrede as Direkteur). Prys 25c.

Kerk en Kommunisme: Vier verklarings insake die McCarthy-tydperk in die V.S.A. Prys 30c.

The Church and the Race Problem: 'n Herdruk van 'n aantal onderhoude met leidende S.A. kerkmanne wat oorspronklik in die „Rand Daily Mail” verskyn het. Prys 30c.

The Crisis in the Christian Ministry in Africa: 'n Publikasie van die „All Africa Conference of Churches” waarin die lig val op die ernstige situasie insake die Evangeliebediening in Afrika. Enkelkopieë gratis. Posgeld per 10 kopieë 5c vir 10.

Bestel by Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika, Dunwell 209, Jorissenstraat 35, Braamfontein, Johannesburg. Telefoon 44-0130 of 44-0210.

Rev. S. A. LEHARISECOND MINISTERS' REFRESHER COURSE

CHRISTIAN RESPONSIBILITY

The second Ministers' Refresher Course was held at Wilgespruit from the 5th to 27th February 1964. We had ministers from different Churches throughout the Republic of South Africa including Basutoland, who attended the course.

The Church in Africa

A new world was born during the 5th and 16th centuries, at the time of the Renaissance and Reformation. One of the factors that contributed to this change was the voyages of discovery of Columbus, Da Gama and Dias in and about 1599. These men were adventurers of Christendom. When Dias reached the coast of Africa he erected a cross near the Town of Port Elizabeth; and from that day on Africa was claimed for Christ.

These discoveries drew the men of different nations together, and made them realise how dependent they were on one another. The discoveries of science and art were used constructively for the good and welfare of mankind. The nations of the world were struggling amongst themselves for world power and influence.

During that great period of change, and progress, the Church of Jesus Christ was not asleep. The Churches in Europe and America caught the Spirit of the Christian Gospel, ‘go and make disciples of all nations’. It was Dr David Livingstone, who figuratively carried inland the cross that Dias had erected on the coast of Africa. In North Africa those faithful missionaries who had given themselves for the service of God, were murdered for their faith.

The Church is world-wide

As we sat down quietly and attentively listening to the different lecturers at Wilgespruit, we were reminded of the words of the late Rev. Dr Williams Temple during the darkest days of the last world war: “The great new fact of our time”. For the first time in the history of the world the Church of Jesus Christ is world-wide. The gospel of Jesus Christ meets this world and its peoples at every point on their own ground. The gospel has been preached to the uttermost parts of the earth. The Church and its message is rooted all over the territories of Africa, shaping the future pattern of its social life. The Church of Christ is no longer sectional but it is universal. The work of the Church is now being discussed and planned on an ecumenical level. Thus there is a great need for the training of the African Ministry.

Responsibility

If one reads the present history of Africa, one finds out that there is a great change going on in Africa, the old order of colonialization is giving way to the new order of independent states. It might rightly be said that it is characteristic of a changing order in any society that privilege implies responsibility.

This great fact of our day increases rather than diminishes the responsibility of the African Leadership in Africa.

It may be said of the older Churches which used to send out Mission-

aries to Africa, “They must decrease”, and of the younger church in Africa it may be said: “It must increase”. This does not necessarily mean that we shall ever be able to do without each other, for that would be contrary to the ideals of ecumenism and against the spirit of the Gospel, but it does mean that side by side we shall seek to determine the will of God for the Peoples of Africa.

With this background in mind, the ministers' refresher course at Wilgespruit made us realise the great necessity for a trained African Ministry in this vast changing continent of Africa, so that the Christian Leadership should not fall behind.

Unnatural to be apart

It seemed unusual at the beginning of the course for ministers of different Churches to come together for the purpose of fellowship one with another and to study the world of God together. But from being unusual, being together came to be natural, and we saw how unnatural it was to be apart. The lectures were profitable, our discussions were valuable, and our stay was a happy one.

As we parted from Wilgespruit, we all said with one accord, “may God bless all those who were directly and partly responsible for the organisation of this course, that it may be used of God to break through the barrier of denominationalism in order that the eyes of all the Christians in Africa may be opened to see and understand the beauty and purpose of God's will for the unity of the Christian Church”.